



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY  
jou kennisvenoot • your knowledge partner

## BELANGRIKE KENNISGEWING

### HEMIS-HERTOELATING VIR 2018

Voorgraadse studente moet in die loop van elke jaar 'n sekere getal krediete verwerf, op grond van modules wat geslaag is, om die volgende jaar hulle studie te mag voortsit, met ander woorde om tot die Universiteit hertoegelaat te word. Die hertoelatingsvereistes waaraan voldoen moet word, word in terme van HEMIS-krediete gekwantifiseer. Hierdie vereistes word op bl 113 van Deel (Algemeen) van die Universiteitsjaarboek van 2017, onder die opskrif *Hertoelating na onsuksesvolle studie*, uiteengesit.

**Studente wat dalk nie genoeg krediete in 2017 gaan verwerf om hertoelating vir 2018 te kry nie, moet asseblief hulle [US-E-POS in die Desembervakansie lees](#).**

Studente wat in die loop van 2017 nie genoeg krediete verwerf om aan die HEMIS-hertoelatingsvereistes tot die Universiteit vir 2018 te voldoen nie, sal vóór 24 Desember 2017 per sms daarvan in kennis gestel word, en ook **per e-pos** by hulle **US-E-POSADRES** 'n brief kry wat die situasie sal verduidelik.

**LW: Neem dus asseblief kennis dat hertoelatingsbriewe nie per gewone pos gestuur sal word nie.**

- Sommige studente sal 'n e-pos ontvang wat hulle slegs sal **waarsku** dat hulle nie heeltemal genoeg krediete in 2017 verwerf het nie, maar dat hulle wel toegelaat sal word om weer in 2018 as student te registreer, **sonder dat dit nodig sal wees om aansoek vir hertoelating te doen.**
- Ander studente sal 'n e-pos ontvang wat hulle sal mededeel dat hulle **nie hertoelating tot die US vir 2018 gekry het nie en gevolglik nie verder aan US mag studeer nie.**

Hulle sal wel die kans kry om aansoek vir hertoelating vir 2018 te doen, en vir hierdie doel sal 'n aansoekvorm, wat gebruik kan word om aansoek vir hertoelating vir 2018 te doen, saam met die e-pos gestuur word. Dit sal in die e-pos en aansoekvorm verduidelik word hoe die aansoek gedoen moet word. Indien dit moontlik is dat u dalk in hierdie situasie kan beland en nie hertoelating vir 2018 kry nie, maar wel u studies graag in 2019 sal wil voortsit, sal u by UNISA modules moet slaag om u kanse op hertoelating te versterk.

**Let asseblief daarop dat die sluitingsdatum van aansoeke by UNISA vir studie in 2018 einde AUGUSTUS 2017 is. Vir studente wat aansoek om hertoelating vir**

**2018 moet doen en nie hertoegelaat word nie, sal dit dalk moontlik wees om tot 22 Januarie 2018 aansoek by UNISA vir 2018 te doen.**

Studente kan ook hulle hertoelatingsstatus vir 2018 volg by:

[my.sun.ac.za](http://my.sun.ac.za) >>Voorgraads >>Administrasie >>Hertoelating vir Studies

R Retief

**REGISTRATEUR**

Mei 2017